
# 212 Jesus leef en ons met Hom




Jesus leef; heers oor sy ryk,
elk moet Hom vereer as Koning.
Eens sal ons in heerlikheid
saam heers in sy hemelwoning.
Sal Hy ooit verander? Nee!
Hy alleen deel trroos ons mee.

Jesus leef, ons God is goed,
Hom behoort ons hele lewe.
Hy gee krag aan ons gemoed
om die Bose te weerstrewe.
Laat ons Hom as Here vrees,
Hy versterk ons deur sy Gees.

Jesus leef, nou is die dood
vir ons deurgang tot die lewe;
wat ‘n rus in sterwensnood
bied sy Woord die hart wat bewe!
Hy wat verlossing gee,
Hy alleen deel troos ons mee.

Christian Fürchtegott Gellert (1715-69) J. Crüger (1598-1662)